



Tambotie

Newsletter of the Woodworking Association of Pretoria

Mei

1997

May

"Where have all the young one's gone?" Met die afgelope Saagsel Sessies wat ons gehou het, het Willie die opmerking gemaak dat dit opvallend was dat die lede wat bygewoon het meesal in hulle middeljare was. Is dit omdat jonger mense nie in draaiwerk, of dan houtwerk, belangstel nie of is dit dat hulle nie op een of ander wyse daaraan blootgestel was of word nie?

'n Mens sou dit as kommerwekkend kon beskou, maar, is dit regtig so? My oudste seun is amper 30 en begin nou eers so 'n effense belangstelling toon. Ek was 20 toe die boorwurm my gebyt het ten spyte van die feit dat my pa 'n ywerige en baie bedrewe houtwerker was. Die jongste seun (24) stel net in rekenaars belang - "Pa kan dit mos maak".

Daar is vandag baie meer dinge wat ons jongmense besig hou en interesseer as wat dit die geval 30 jaar gelede was. Ek glo egter dat baie van hierdie jongmense eers op 'n later stadium 'n werklike belangstelling in houtwerk gaan begin ontwikkel en dan waarskynlik uit "nood". Huisverbande en motorpaaiemente vat 'n groot hap uit die gemiddelde jonggetroudes se inkomste. Bababedjies en -voerstoel is ook nie meer vandag goedkoop nie. So ook 'n koffietafel, boekrak ens.

Daar is alreeds sulke voelers in my rigting uitgestuur. My standpunt is baie eenvoudig: "My gereedskap is beskikbaar. Ek sal jou bystaan, maar jy maak dit." Want sien, ek glo dat wanneer daardie eerste projek suksesvol voltooi is, dan gaan die belangstelling en entoesiasme begin toeneem. Daar is mos geen gevoel wat so lekker is as wanneer almal jou eerste poging bewonder en prys nie, al is dit nou net uit ordentlikheid - dit spoor jou tot groter hoogtes aan. Dit geld ook vir ons ouer houtwerkers.

Nee wat, ek dink nie ons hoef te bekommerd te wees nie. So lank as wat daar hout is sal daar ook houtwerkers wees en met ons ekonomie in die toestand wat dit is, kan dit net hierdie edele beroep en stokperdjie 'n hupstoot gee. 'n Bietjie aanmoediging hier en daar kan egter die proses versnel.

Sawdust Sessions

Saagsel Sessies

This seems to be an appropriate name for our Saturday workshops and I will be using it in future.

The first part of our Sawdust Sessions (turning) went well and was attended by 16 members on both occasions. Many thanks to Willie Marnewek who not only managed to keep it simple but also successfully combined theory and practice in two well presented classes.

I am sure that those who attended have since sharpened their gouges and other turning chisels correctly and that they are happily producing sawdust.

Next Meeting

HOW MUCH?

At some stage or another we are asked to make or repair something for a friend or someone else. Or we may decide to produce a number of articles for sale at the local flea market.

This of course poses the question of "what am I to charge?" We all have developed a system for quoting for a job-but, at the end of the day, we

are still not sure if we have overcharged or undercharged for that particular job. How do we tackle this problem? This will be the subject of our next meeting scheduled for 18h00 on **Wednesday 28 May 1997 at Hardware Center.**

We will have someone from a large furniture making concern as well as someone from a one-man business and, a DIYer to discuss their approach to this somewhat grey area.

I am sure that with your experience and comments this could turn out to be a very interesting if not fruitful evening. Hope to see you there.

Nuwe Lede *New Members*

'n Hartlike welkom aan die volgende nuwe lede. Ons vertrou dat julle sal inskakel by ons program en dat julle julle verbintenis met die Vereniging interessant en leersaam sal vind.

Dr Henk Pretorius van Morrisonlaan 56, Rietondale. Henk doen kabinet en draaiwerk en beskik oor 'n bandsaag, skaaf en bo-armsaag.

Dirk van Wyk is 'n afgetrede bouer en 'n man wat daarvan hou om te improviseer. Hy doen algemene houtwerk en het 'n voorliefde vir handgereedskap. Hy woon in Rietfontein.

James Abel hails from Lyttelton Manor and is in marketing. He enjoys general woodworking.

Deon Odendaal is 'n elektroniese ingenieur, woon in Danville en stel belang in restourasie- en draaiwerk asook die maak van prenterame. Hy maak oa gebruik van 'n bo-armsaag, vlakkskaaf ens.

Arie Odendaal (seun van Deon) hou van draaiwerk. Hy is 'n geografiese inligtingstelsel operateur.

Vorige Byeenkoms

Baie dankie aan Elton van 3M vir die interessante praatjie en demonstrasie van hulle produkte. Te oordeel aan die vrae en belangstelling was daar heelwat van die produkte wat lede geïnteresseer het. Ek dink hier aan die skuursponsies, rubberskuurders en die Scotchbrite skuurders. Hulle agente is **EICarbo** in Pretoria Wes.

Ons sal met die volgende vergadering 'n stukkie Scotchbrite en 'n paar stukkie van die skuurpapier uitdeel. Ongelukkig het van die rubberskuurders "voete" gekry en is daar nie

genoeg vir almal nie.

Thank you **Julian** and staff for preparing and providing the venue. Your assistance is greatly appreciated.

Ons Adres

Our address

Die Redakteur
Tambotie
Posbus 50993
Wierdapark, 0149

Tel en Faks: (012) 654-5785

From Abroad

Wits Woodworking Association

* It would seem that "Project Plank" has rubbed off on our neighbouring club. We wish you best of luck with the project and I am sure that you will be surprised at the ingenious end- results produced by your members

* Hans Kretchmer, one of our members, has been "showing the flag". He was invited to discuss the making of his exceptional boxes at their last meeting. Well done Hans!

PE Woodturning Guild

Alec Jardine, chairman of AWSA, recently visited the home turf of Mark Waugh and Shane Warne. Fortunately he was not bowled out for a duck. Whilst there he managed to attend a woodturners club meeting and various galleries.

Ledegelde

Onthou asseblief om u ledegelde met ons volgende vergadering te betaal of stuur dit per pos aan Carl van Rensburg, Posbus 74010, Lynnwoodrif, 0081.

Hierdie is die laaste geleentheid aangesien ons Junie maand die nuwe ledelys gaan saamstel.

Hout te Koop

As iemand in **Minger** hout belangstel kan hulle gerus vir **Andre le Roux** [012-331-2773 na ure] kontak vir besonderhede.



Project Plank Projek Plank

As promised Project Plank is on the table again. For the benefit of our new members this project was launched last year with the object of providing members with the opportunity to design and make something of their own choice from a plank of given dimensions. The project was developed to promote member interest, and to exercise design and woodworking skills. Although participation was a bit disappointing the end products were, to say the least, exceptional if not original and of a high quality. The general feeling was that it should become an annual event.

This year there are a few changes to the rules.

1. Only one plank per project may be used. **No mixing of wood types.**
2. The dimensions are : 1 060 x 250 x 25mm.
3. You should strive to use as much of the plank as possible.
4. Your design must include a dovetailed joint(s) and something that is turned. If your project should happen to be a turned one in to-to, the dovetail rule may be waved.
5. Only one product is allowed. Composite projects such as a wine tray with wine goblets are acceptable as long as they are made from the same plank - together they form a whole.
6. The finish is of your choice.
7. You may use hardware such as locks, hinges etc.
8. The project should be something that is usable.
9. Judging will be carried out on the same principle as last year.
10. Projects to be displayed at our September monthly meeting.

And that's it. We are giving you more than 3 months to get those rusty design-cells active and to show your colleagues what you can do. I know that we will have a great response this year.

Queries will be answered at our next meeting.

Happy woodworking!

Lede-informasie

Met die oog op die opdatering en verfyning van ons ledelys sal dit waardeer word indien u die volgende informasie met ons volgende byeenkoms sal voorsien. Julle kan my ook skakel of 'n faks stuur od dit op 'n stukkie papier skryf en vir my gee met die volgende byeenkoms.

- * Enige wysiging van u persoonlike besonderhede veral posadres en tel no.
- * Of u belangstel om buitewerk te doen en indien so, wat. Ons kry baie navrae van die publiek wat iemand soek om iets spesifiek te maak of herstel.
- * Indien u oor 'n spesifieke houtwerk onderwerp(e) goeie kennis het of oor 'n spesiale vaardigheid beskik bv, vinering, instel van 'n spesifieke masjien, skerpmaak van handgereedskap, maak van vensterrame en deure, laminering, stoombuig van hout ens, sal ons graag daarvan wil hoor. Een van die oogmerke van ons vereniging is juis dat ons by mekaar wil leer.

From Tambotie Apr.-June 1989

"Of all the saws I ever saw saw, I never saw a saw saw as this saw saws!"

Seeing is Beleiving

I suppose that there will always be woodworkers who want to go better and bigger even to the extent of being ridiculous.

In the April issue of Good Woodworking I came upon an article, photos and all, of a number of Scotsmen who turned a platter that initially weighed a ton and at its widest point measured 80 inches across- that's more than 6 feet!

This event was the result of a new massive lathe built by Thyme Machines Ltd and called the Highlander. It incorporates two variable speed motors and can be run as low as 2rpm. It can be used to turn a delicate goblet or this monster of a platter which was turned at 150rpm.

It took more than a year to find a suitable piece of wood big enough for what the team wanted to turn. At last a trunk of cedar of Lebanon arrived in England, and they were in business.

Special chisels had to be designed and made and the platter was turned from both sides simultaneously. The faceplate measures 24in across by 1in thick and weighs a hundredweight (help!) and was secured with sixteen coachscrews.

This is some lathe and to cap it all it does not need to be bolted to the floor. Not for the weak-hearted I should think.

Uitstalling

Die sub-komitee, wat ondersoek instel na ons jaarlikse uitstalling, het hulle eerste terugvoering gegee. Hulle het ook sekere aanbevelings gemaak waarna ons tans kyk. Dit is egter belangrik dat enige beslissings wat ons maak ons lede se gevoel en wense in aanmerking neem. Daarom stel ons hier 'n paar vrae en versoek ons u om daarvoor na te dink. Met ons volgende vergadering sal ons by wyse van stemming u gevoel toets.

1. *Moet die uitstalling gehou word?*
2. *Moet die uitstalling in 'n openbare of in 'n private lokaal geskied?*
3. *Sou u verkies dat die uitstalling gekombineer word met van ons maandelikse byeenkomste - twee of drie keer per jaar?*
4. *Tov beoordeling:*
 - a. *Vir punte en sertifikate soos tans?*
 - b. *Geen beoordeling?*
 - c. *Slegs vir opbouende kritiek deur kenners indien versoek deur die uitstaller?*
5. *Wat beskou u as die doel van die uitstalling?*

U ondersteuning in die verband sal waardeer word.

Exhibition

The sub-committee investigating our annual exhibition have given their first feedback and recommendations. However, it is important that any decisions that we make are made having taken your wishes and considerations into account. For this reason a number of questions are posed below and you are requested to give them some thought. We will test your feelings by vote at our next meeting.

1. *Should we continue with the exhibition?*
2. *Would you prefer it to be held in a public or private venue?*
3. *Would you prefer that the exhibition be combined with some of our monthly meetings - two or three times per year?*
4. *In respect of the judging:*
 - a. *For marks and certificates as at present?*
 - b. *No judging?*
 - c. *Only for constructive criticism by knowledgeable persons at the request of the exhibitor?*
5. *How do you see the aim of the exhibition?*

Your support for this venture will be appreciated.

Woodworking Machine Formulae

The following was submitted by Don Moody for the Jul-Sep 89 issue of *Tambotie* and should once again be of interest to members.

Pulley Sizes. To determine pulley size when coupling a motor and a machine.

$$\frac{\text{Motor Speed}}{\text{Machine Speed}} = \frac{\text{Machine Pulley Size}}{\text{Motor Pulley Size}}$$

Ensure that you apply the same units above and below the line of equation (rpm and in/mm/cm etc).

The formula can be rewritten to solve any one unknown when the other three parameters are known. Examples:

* *If a motor revolves at 1 500rpm and is fitted with a 3in pulley engaging a machine having a 2in pulley, the resulting machine speed can be calculated as:*

$$\text{Machine speed} = \frac{\text{Motor Speed} \times \text{Pulley Size}}{\text{Machine Pulley Size}}$$

$$= \frac{1\ 500 \times 3}{2} = 2250 \text{ rpm}$$

We will continue with this in the next issue of *Tambotie*.